

Woensdag 2 November

Skrifgedeelte: Genesis 3:22-24

Fokusgedeelte: Genesis 3:24

Die engele is bewakers om te verseker dat God se kinders sal tuis kom in die ewige Vaderhuis

Ná die sondeval van die mens in die paradys nader God tot die gevalle mens in soekende liefde en genade.

- Deur vir die mens klere te maak en so hulle “naaktheid” te bedek, toon God dat Hy bereid is om hulle skuld te bedek.
- Maar uit genade stuur God die mens ook weg uit die Eden. Hy laat die ingang deur gerubs bewaak, daardeur verhinder God dat die mens nie kan ingaan om van die boom van die lewe te eet nie. So beskerm Hy die mens teen homself.

Die mens bevind hom nou buite die beskermde ruimte van die tuin (wat met God se seën gevul was), en bevind hom in die vervloekte grond, waar hy met groot inspanning ’n lewensbestaan sal maak.

Hierdie wêreld waarin die mens hom nou bevind het, was nie soos God dit oorspronklik bedoel het nie. Dat God egter die boom van die lewe in sy genade laat bewaak, toon dat Hy op pad is na ’n herskepping. Hierdie skepping is op pad na ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde.

Intussen het God verlossing bewerk deur sy Seun, Jesus Christus. So is daar vir elke gelowige die troos dat sy sondes vergewe is, dat daar vir hom ’n ewige toekoms is. Die Drie-eenheid sal dan ook uiteindelik God se verlossingsplan vervul en alle verlostes nooi om deel te wees van die volmaakte nuwe skepping.

Waar die gerubs in die begintyd verhoed het dat die mens van die vrugte van die boom van die lewe eet, word in Openbaring 21:12 vertel dat 12 engele die 12 poorte in die hoë mure om die nuwe Jerusalem bewaak. Hierdie engele verhoed nou dat mense en die boom van die lewe ooit weer geskei word. Ja, die gelowiges van elke geslag word beskerm dat hulle nie van die ewige lewe beroof word nie. So sorg God deur sy bewakers dat die woorde van Johannes 10:28 vir die gelowiges waar word: *“Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie.”*

Sing: Psalm 84-1:4

Ds. AB van der Walt (Braam) (Plett/Knysna)